



*Teen die einde van 1975 het dr. J.J. van Tonder na 'n dienstyd van byna 20 jaar as voorsitter van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika uitgetree. Hy sou graag langer wou dien, maar gesondheidsredes het hom verplig om tot dié stap oor te gaan. Die redaksie van **Historia** die geesteskind van dr. Van Tonder, wil hom 'n aangename en sorgvrye oudagsrus, hoewel met 'n jong gees, toewens, en sy dank betuig vir die werk wat hy gelewer het.*

DR. J.J. VAN TONDER, DIE STIGTER VAN DIE HISTORIESE GENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

Prof. F.A. van Jaarsveld
Universiteit van Pretoria

In 1975, op 70-jarige leeftyd, het dr. J.J. van Tonder na byna 20 jaar diens as voorsitter van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika die tuig van dié liggaam wat grootliks deur sy ywer en entoesiasme in 1955 in die lewe geroep is, neergelê.

Dit is 'n voorreg vir die redaksie van *Historia*, die amptelike orgaan van die Historiese Genootskap, om die geskiedkundige lig op sy voorsitter te fokus, 'n man wat feitlik alleen verantwoordelik was vir die versorging van *Historia Junior* wat aan middelbare en laerskole in die Unie en die RSA verskaf is met die doel om die skoliere die geleentheid te bied om self oor geskiedkundige onderwerpe te skryf en liefde vir die geskiedenis te wek. Daarteenoor het *Historia* hom toegelê om geskiedkundige temas aan die hand van navorsing aan die breë publiek te bied, 'n tydskrif wat namens die Historiese Genootskap in 'n groot mate behartig word deur die Departement Geskiedenis van die Universiteit van Pretoria, bygestaan deur 'n breër redaksie.

Onderwysloopbaan

Onder welke omstandighede, wanneer, hoe en deur wie het die Historiese Genootskap tot stand gekom en wat was en is sy taak en funksie? Voordat hierdie vrae beantwoord word, moet verwys word na die lewensloop van sy eerste voorsitter, wat in 1976 opgevolg is deur mnr. G.A. Chadwick van Natal.

Johannes Jacob van Tonder is op 2 Januarie 1905 op Venterstad, Kaapprovinsie, gebore en het op sy ouers se plaas, Vaaljasfontein, opgegroeï. Hulle was Isak S.J. en Johanna Cecilia van Tonder (gebore Grobler). Op agtjarige leeftyd het hy vir die eerste keer die plaasskooltjie van Seekeigat in daardie distrik besoek waar 15 kinders deur een onderwyseres onderrig is. Dit was in die dae toe Engels nog oorheersend was. Die seun het daar kennis gemaak met die berugte "Dutch Mark". 'n Plankie met die letters *D M* daarop is aan die seun of meisie gegee sodra hy of sy Afrikaans ná skoolure praat. Die een wat die plankie Vrydag het, word gestraf. Tot st. 5 het hy ook plaasskole op Dwarshoek, Roosterhoek en Brandspruit bygewoon; sts. 6, 7 en 8 in die dorpskool geslaag en sts. 9 en 10 op Colesberg in 1923, met as vakke Nederlands A, English A, History, Latin, Mathematics and Chemistry — alles in Engelsmedium. Van 1924 tot 1926 was Johannes Jacob student aan die Potchefstroomse Normaal-kollege waar hy 'n O2-kursus (Onderwyser Tweedeklas Diploma) geslaag het. Tegelyk met dié diploma het hy 8 akademiese jaargange vir die BA aan die Potchefstroomse Universiteitskollege met goeie gevolg voltooi en aan die einde van 1927 nog drie vakke geslaag waarop hy die BA-graad behaal

het. In 1928 verwerf hy die Hoër Onderwysdiploma, nadat hy reeds in 1927 as onderwyser begin diens lewer het. Die jong onderwyser Van Tonder het in studie geïnteresseerd geraak en in 1933 die MA aan die Universiteit Potchefstroom vir CHO behaal met 'n dissertasie oor "Die Stigting van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in 1859". Daarop het hy die M Educ-graad in 1946 aan die Universiteit van die Witwatersrand verwerf met 'n dissertasie oor "Gesondheidsdienste in Skole van Transvaal vir Blankes" en in 1952 die D Phil-graad aan die Universiteit van Pretoria met 'n proefskrif oor "Onderwys vir Blankes aan die Witwatersrand tot 1899".

Dr. Van Tonder het 'n lang onderwysloopbaan in Transvaal gehad. Aangesien die blanke bevolking as gevolg van ekonomiese redes al meer na dié provinsie verhuis het, is groeiende geleenthede vir onderwysers geskep. Die plattelandse skoolstelsel was nog aan die gang. Aan die begin van 1927 het Van Tonder 'n tydelike assistentspos by die Rooikraalskool naby Heidelberg, Transvaal, aanvaar. Aan die begin van die tweede kwartaal het hy 'n permanente aanstelling gekry by die Panfonteinse eenmanskool aan die Vaalrivier, ongeveer tien kilometer buite Vereeniging. Dit was in 'n tyd toe daar nog plaasskole, brandpunte van die plattelandse kultuur, bestaan het. Die skoolgeboutjie was feitlik 'n murasie wat as klaskamer gerekonstrueer is, met houtluike voor die vensters sonder ruite, en 'n misvloer waarop die wind telkens stoffies opgejaag het. Toe 'n assistent later in die jaar aangestel is, het die ouers nog 'n klaskamer met kleimure gebou wat verskeie kere tydens aanhoudende reëns ingetuimel het. Na twee jaar het van die ouers self 'n tweekamer-sinkgeboutjie opgerig wat toe deur die Onderwysdepartement gehuur is. Die jong onderwyser het die bittere depressie van 1929 tot 1934 daar meegemaak asook die Groot Droogte van 1933—1934. In 1934 het hy hoof geword van die sewemanskool op Eikenhof (Jacksonsdrif) wat 'n jaar daarna die naam Laerskool Danie Theron gekry het. In 1935 het dit 'n intermediêre skool met sts. 7 en 8-klasse geword.

As plattelandse onderwyser was Van Tonder ook getuie van die groot verandering in die demografiese opset van die land. Die plattelandse mense het as gevolg van beter ekonomiese vooruitsigte na die stede verhuis, waardeur die plaasskole gekwyn het. Uiteindelik sou hulle almal deur die beleid van sentralisasie verdwyn en sou die plattelandse kinders met skoolbusse na die naaste dorpe aangery word. Dit het 'n fase in die kultuurlewe van die Afrikaners afgesluit en meegehelp tot hul verstedeliking.

In 1936 het dr. Van Tonder hoof geword van die Elsburgse Laerskool wat die volgende jaar 'n parallelmedium- intermediêre skool met tien onderwysers geword het. Die dorpe en stede het steeds beter opleidingsgeriewe verskaf en die plattelandse Boerejeug beter vir die stedelike lewe voorberei waarin hulle hul plek in die nuwe nywerheidsamelewing sou moes volstaan. Die onderwysers het 'n uiters belangrike rol gespeel om hul leerlinge volks-, kultuur- en ekonomies bewus te maak en hulle onderling aaneen te bind. In 1939, die jaar waarin die Tweede Wêreldoorlog uitbreek het, het dr. Van Tonder hoof geword van die Afrikaansmediumskool Krugersdorp-Wes wat in 1940 verander is in 'n intermediêre skool met sts. 7 en 8-klasse. In 1947 het dié afdeling afgesluit as die Krugersdorpse Junior Hoërskool

met dr. Van Tonder as skoolhoof. In ooreenstemming met die destydse VP-onderwysbeleid was dit ook 'n parallelmediumskool. Die junior hoërskool, wat net tot st. 8 gegaan het, was 'n oorgang na die hoër- of middelbare skool. In 1953 het genoemde skool 'n volwaardige hoërskool geword wat 'n jaar later die naam Jan de Klerk gekry het. Die bewindsoorname deur die Nasionale Party van dr. D.F. Malan het groter onderwysgeriewe en beter opleiding vir die Randse Afrikaners gebring. Waar daar in 1947 slegs 6 Afrikaansmediumhoërskole teenoor 26 Engelsmediumhoërskole aan die Rand was, was daar in 1966 36 Afrikaans- teenoor 33 Engelsmediumhoërskole. Baie Afrikaners wat hulle opleiding in parallelmediumskole of in Engelsmediumskole aan die Rand ontvang het, kon dit nou in hul moedertaal ontvang. Terwyl daar in 1911 200 000 Afrikaners in die stede was, in 1926 391 000 en in 1936 535 000, was daar in 1960 1 360 000.

Dr. Van Tonder sou nie altyd as hoof van 'n skool in die onderwys-beroep dien nie. In 1953 het hy bevordering gekry. Hy het inspekteur van onderwys geword, met as werkkring die Oos-Rand. Met twee kollegas is hy op Boksburg geplaas. In 1955 is hy oorgeplaas na die Rand-Sentraal-kring. Na vyf jaar diens het hy na Heidelberg, Transvaal, vertrek waar hy die inspektorale werk alleen tot by Vereeniging behartig het. In Vereeniging het hy kontakte opgebou wat later vir die Historiese Genootskap van belang geword het, veral wat die bestuur betref. In 1965 is die inspekteur van onderwys na Krugersdorp oorgeplaas waar daar nog twee kollegas in diens was. Na vyf jaar harde werk aan die Wes-Rand het hy op 65-jarige leeftyd aan die begin van 1970, na 43 jaar, uit die diens van die Transvaalse Onderwysdepartement getree. Daarin het hy as onderwysman en volksofvoeder diep spore getrap en getuie gewees van al die veranderinge in die onderwys sedert 1927. Hy het in verskeie komitees van genoemde Onderwysdepartement gedien en was tot sy uittrede die voorsitter van die geskiedeniskomitee van die TOD se inspektoraat. Daarin het hy waardevolle wenke aan die hand gedoen o.a. met die opstel van leergange vir geskiedenis. As inspekteur was hy gemoeid met geskiedenisonderrig op skool wat hom baie na aan die hart gelê het.

Werksaamhede in verband met geskiedenis en kultuur

Deur komiteewerk het dr. Van Tonder ook diens aan die samelewing gelewer. Hy was bv. 'n stigterslid van die FAK. In die vroeë dertigerjare was hy die leier van die Handhawersbond op Vereeniging en in 1940 het hy as voorsitter gedien van 'n komitee van die Transvaalse Onderwysersvereniging wat gedurende die Tweede Wêreldoorlog fondse ingesamel het ten bate van noodleniging in Nederland wat in daardie jaar deur die Duitsers ingeneem is. Dr. Van Tonder het besondere belangstelling gehad vir die Johannesburgse Afrikaners. Tydens sy inspektoraat het hy hom beywer vir die totstandkoming van 'n Afrikaansmedium-onderwyskollege en 'n -universiteit. Met dié doel het hy in 1955—1956 'n vergadering van skoolhoofde en onderwysleiers belê. Daar was groot belangstelling vir die saak. Die destydse direkteur van onderwys was so 'n byeenkoms nie goedgesind nie, aangesien dit deur 'n inspekteur van onderwys gereël is. Hy het die wens uitgespreek dat dit afgestel moes word. Dr. Van Tonder was nie bereid om

dit te doen nie aangesien die reëlings te ver gevorder was en omdat die teenkanting hoofsaaklik van die destydse rektor van die College of Education uitgegaan het. Die vergadering is gehou en belangrike besluite is geneem wat 'n groot stoot aan die saak van bogenoemde twee onderwysinrigtings gegee het.

Tydens sy onderwysloopbaan was dr. Van Tonder ook sekretaris en voorsitter van baie Transvaalse Onderwysersverenigingtakke. Hy was dwarsdeur sy loopbaan gemoeid met komiteewerk in verband met historiese feesvierings en die oprigting van monumente. Tot 1970 was hy etlike jare sekretaris en daarna voorsitter van die Paardekraalfeeskomitee, voorsitter van die Krugerdagfeesvierings op Krugersdorp; voorsitter van die Wes-Randse Afrikaanse kunstwedstryde; voorsitter van die Republiekfeesvierings in 1961 op Heidelberg en in 1966 op Krugersdorp. Ook was hy voorsitter van die aanvanklike komitee wat hom vir die oprigting van die Danie Theron-monument beywer het. Later is die taak aan die Voortrekkerbeweging oorgedra. Dan was dr. Van Tonder voorsitter van die komitees wat saamgestel is om die President Kruger-standbeeld op Krugersdorp op te rig en die J.G. Strydom-monument daar naby. Die A.G. Visser-monument is deur die komitee waarvan hy voorsitter was, op Heidelberg opgerig.

Dr. Van Tonder het 'n besondere belangstelling vir monumente en gedenktekens ontwikkel. Deur sy aanmoediging is etlikes ter herdenking van die republiekwording van die Unie by verskillende skole opgerig. Hy het dergelyke gedenktekens self onthul o.a. by die Hoërskool Drie Riviere op Vereeniging, die skole op Lawley en Nooitgedacht en die Laerskool Tobie Winterbach naby Heidelberg, Transvaal. Sulke monumentjies moes dien om die skoliere histories bewus te maak.

Voorsitter van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika

Dr. Van Tonder het 'n sterk historiese besef in hom omgedra. Dit is deur verskeie ondervindings in die lewe geroep en gestimuleer, veral tydens sy inspeksie van geskiedenisonderrig op skool. Dit was hierdie besef wat in 1955 deur sy inisiatief uitgeloop het op die stigting van die Historiese Genootskap. Hy het geoordeel dat daar naas goeie geskiedenisonderwysers ook swakkes was wat nie juis bygedra het tot die vorming van leerlinge as mense en as toekomstige burgers van die vaderland nie. Swak gekwalifiseerdes is in sommige skole voor klasse aangetref, so swak dat in een geval 'n onderwyser voor 'n st. 8-klas gevind is wat geskiedenis op skool slegs tot st. 6 gehad het. Dan was daar soms onsimpatieke en onverskillige skoolhoofde wat dit verbied het dat hulle leerlinge van sts. 7 tot 10 geskiedenis as vak neem. By sommige skole was die vakkeuse en die lesrooster sodanig gereël dat belangstellende en intelligente leerlinge soms nie geskiedenis as vak kon neem nie, of dat sekere afdelings uit die Suid-Afrikaanse geskiedenis geïgnoreer is.

Wat hom gehinder het, was dat sommige onderwysers slegs een of twee handboeke by geskiedenisonderrig gebruik en geen bykomstige boeke of leesmateriaal aanbeveel het nie; dat die skoolbiblioteke swak toegerus was wat geskiedenisboeke betref en soms glad nie besoek is nie; dat visuele hulpmiddele ontbreek het en dat baie min skole oudhede en konkrete

historiese materiaal gehad het wat as demonstrasie-objekte gebruik kon word. Hy het baie klem op die skoolmuseum gelê en sou wou sien dat historiese temas by debatte of redenaarswedstryde gebruik word. Ook was hy daarvoor verontrus dat weinig skole hul geskiedenisleerlinge na museums, historiese plekke of monumente neem om hul historiese bewussyn te stimuleer. Omdat historiese gebeurtenisse of persone nie by voorstellings, optogte of by skoolkonserte as tema gebruik is nie, het hy veral klem op die historiese tableau gelê en baie skole geïnspireer om daarvan gebruik te maak. Die uitsonderings wat daar op genoemde gebiede was, was gering in vergelyking met die algemene leemtes in die onderrig van geskiedenis.

Dan was daar ook die feit dat al minder leerlinge geskiedenis as vak tot matriek geneem het. Dr. Van Tonder het gereeld statistiek van al vier provinsies oor 'n hele aantal jare in verband met die neem van geskiedenis byeengebring en sy kommer uitgespreek oor die dalende belangstelling vir geskiedenis op skool en in die algemeen. Dit was sy oortuiging dat 'n volk wat sy geskiedenis verwaarloos, nie die hede sal ken of 'n toekoms kan hê nie. Hy wou belangstelling in die verlede wek, skoolmetodes en -hulpmiddele verbeter hê en toesien dat geskiedenis in plaas van 'n keusevak tot verpligte skoolvak tot matriek gemaak word. Vir laasgenoemde saak het hy hom jare lank beywer, eger sonder sukses.

Om die toestand van geskiedenisonderrig te verbeter, het hy in 1954 konferensies op twee Saterdag in die grootsaal van die Hoërskool Voortrekker op Boksburg gehou. Alle reëlins daarvoor is deur hom getref. Dit moet volgens hom gesien word as die aanloop tot 'n beweging wat in 1955 op die Historiese Genootskap van Suid-Afrika uitgeloop het. Ander konferensies het gevolg. In Boksburg is 'n saamtrek van geskiedenisonderwysers gereël waar inspekteurs, professore en die direkteur van onderwys opgetree het. Referate is gehou en besprekings gevoer oor verskillende aspekte van geskiedenisonderrig in die primêre en sekondêre skole. Daar was ongeveer 400 onderwysers by elke byeenkoms teenwoordig wat getoon het dat daar behoefte aan 'n diskussie oor die aard, waarde en metodes van die vak was.

Die toestand waarin die onderrig van geskiedenis hom bevind het, is in 1954 in die tuin van mnr. H. Malan in Menlopark, Pretoria, deur dr. Van Tonder met prof. A.N. Pelzer, dr. F.J. du Toit Spies en wyle dr. T.S. van Rooyen van die Departement Geskiedenis van die Universiteit van Pretoria bespreek. Dit het uitgeloop op die sameroeping deur dr. Van Tonder van 'n groot konferensie van geskiedenisonderwysers en belangstellendes oor die hele Transvaal, in Pretoria. Die byeenkoms het in 1955 in die Pretoriussaal van die Pretoriase stadsaal plaasgevind. Die saal was van hoek tot kant gepak. Belangrike toesprake is gehou o.a. deur die toenmalige direkteur van onderwys. By dié geleentheid is die Historiese Genootskap van Suid-Afrika formeel gestig. 'n Bestuur is gekies met dr. Van Tonder as voorsitter en mnr. J. Nel van die Hoër Seunskool Helpmekaar, Johannesburg, as sekretaris. Ook is besluit om die samewerking van die drie ander provinsies en SWA te verkry. Takke van die Historiese Genootskap is daarna in al vier provinsies gevestig en 'n hoofbestuur en provinsiale besture het jaarliks vergader.

Op die stigtingsvergadering in Pretoria is ook besluit op 'n amptelike orgaan, naamlik 'n historiese tydskrif, *Historia*, waarvan prof. A.N. Pelzer as die eerste hoofredakteur aangewys is. Medewerkers en intekenare is gewerf. Die blad het in 1956 begin verskyn as 'n kwartaalblad, wat dit gebly het tot einde 1973 toe dit as gevolg van hoë drukkoste sesmaandeliks begin verskyn het. In 1971 het prof. F.J. du Toit Spies die hoofredakteur geword en in 1973 prof. F.A. van Jaarsveld. Die tydskrif het sedert 1956 'n belangrike bydrae gelewer om artikels van wetenskaplike belang aan 'n breër publiek bekend te stel. Daarsonder sou die wetenskap van die geskiedenis in Suid-Afrika armer gewees het. Afgesien van intekenare word die publikasie van *Historia* moontlik gemaak deur 'n jaarlikse bydrae van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Naas *Historia* was dr. J.J. van Tonder tot 1975 as redakteur verantwoordelik vir *Historia Junior* wat eers saam met *Historia* maar later afsonderlik aan skole verskaf is. Daarin is onder andere opstelle van leerlinge oor geskiedenis opgeneem en ryklik geïllustreer, wat historiese materiaal op skoolvlak verskaf het. Ook hierdie blad het in 'n behoefte voorsien. Die doel van die Historiese Genootskap om belangstelling in geskiedenis te wek, aan te moedig en die aandag op historiese gebeurtenisse te vestig by sowel die publiek as op skool, het vrugte afgewerp. Veral op lg. terrein is heelwat bereik, hoewel die afname in die aantal skoliere wat geskiedenis tot matriek neem nie gestuit kon word nie. Die teruggang van geskiedenis as keusevak op skool is 'n wêreldwye verskynsel wat verskillende oorsake het waarop hier nie ingegaan kan word nie.

Publikasies

Tydens sy onderwysloopbaan het dr. Van Tonder, ná voltooiing van sy magister- en doktorsale dissertasies, nie veel tyd gehad om navorsing te doen nie. Nadat hy in 1970 afgetree het, het hy hom daarop toegelê om deur skryfwerk meer belangstelling in en kennis van die verlede te bevorder. Hy het baie gereis, foto's geneem en inligting ingewin oor monumente en gedenktekens in Suid-Afrika en sy kennis daarvan met private uitgawes te boek gestel. Dit kan vir die reisiger dien as gids tot buitengewone historiese besienswaardighede dwarsdeur die land en bring historiese ingesteldheid op die voorgrond. Hy het ses boeke tussen 1970 en 1976 uitgebring. Hulle is op sy eie onkoste laat druk en deur Perskor versprei, veral aan skole. Die wins van 'n boekhandelaar is daardeur uitgeskakel sodat die boeke so goedkoop moontlik versprei kon word. Hy het nie 'n sent uit die verkope geneem nie. Die boeke is die volgende:

1. **Sewentien Perd- en Ruitmonumente van Suid-Afrika.** Perskor, 1971.

Hierdie boek, waarvoor dr. Van Tonder as redakteur opgetree en self vyf hoofstukke gelewer het, bevat artikels van professore oor genls. Andries Pretorius, Koos de la Rey, Christiaan de Wet, Louis Botha, adv. J.G. Strydom, Dirkie Uys, Dick King, Wolraad Woltemade en andere.

Volgens dr. Van Tonder het die perd 'n belangrike rol in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gespeel en dié wou hy op die voorgrond bring.

2. **Boere, Britte en Bantoes, 450 Pensketse met Byskrifte, Dialoog en Avonture.** Perskor, 1972.

Hierdie verhale, wat oor die Groot Trek-tyd handel, is deur dr. Van Tonder geskrywe en die illustrasies deur F.G. Roberts behartig. Dit het oorspronklik in die jeugtydskrif *Patrys* verskyn.

3. **Veertig Boommonumente in Suid-Afrika, Verhale en Foto's.** Perskor, 1973.

Die doel met hierdie beskrywings en foto's van boommonumente was om die vaderlandse geskiedenis aan die hand van gebeurtenisse wat daar- onder plaasgevind het, bekend te stel. Die teks het maandeliks in *Handhaaf*, die FAK-tydskrif, verskyn.

4. **Kinderhelde en Heldinnetjies van Suid-Afrika.** Perskor, 1974.

Dr. Van Tonder het hom in dié boek ten doel gestel om die lig op bekende en onbekende kinderhelde te laat val. Die boek handel onder andere oor Hendrik Bibault, Paul Kruger, John Ross, Petrus Bezuidenhout, Helena Lotrie, A.G. Visser, Danie Theron en Johan le Roux.

5. **Fotobeeld van 300 Monumente en Gedenktekens langs die Pad van Suid-Afrika.** Perskor, 1975.

Die skrywer toon hierin aan hoe die geskiedenis van Suid-Afrika gestalte gevind het in tasbare herinneringstekens, waarmee hy hom ten doel stel om die besoeker wat deur Suid-Afrika reis, bewus te maak van die bestaan daarvan en wat die tekens behels en voorstel. Ook vir die tuisblyer is die boek van belang omdat dit op beeldende wyse toon hoe belangrike historiese gebeurtenisse en persoonlikhede uitdrukking in die historiese besef gevind het. Hierdie boek se lewensvatbaarheid word bewys deur 'n tweede druk wat vir 1976 beplan is.

6. **Historiese Bome, Radiopraatjies en 50 Foto's.** Perskor, 1976.

Die jaar 1973 was die jaar van "Ons Groen Erfenis" wat die aandag op ons inheemse bome en plante gevestig het. Dr. Van Tonder het sake histories benader en historiese gebeurtenisse aan sekere bome gekoppel wat deur middel van radiopraatjies wêreldkundig gemaak is. Dié tekste is in bogenoemde boek opgeneem en dien as illustrasie van die wye veld van dr. Van Tonder se historiese belangstelling. Die voorwoord is deur dr. P.J. Meyer, die voorsitter van die Beheerraad van die S.A. Uitsaaikorporasie, geskryf.

Dr. Van Tonder besit die vermoë om mense in 'n span te laat saamwerk. Hy het die inisiatief geneem en temas wat hy in gedagte gehad het, laat uitwerk en dan as redakteur opgetree om die eindresultaat te orden en te laat publiseer. Ook hier het die geskiedenis voorrang geniet. In 1961 het hy as redakteur opgetree vir *Veertien Gedenktekens in Suid-Afrika* (Nasionale Boekhandel, 1961) waarin, benewens bydraes van homself, die geskiedenis opgeneem is van monumente soos bv. vir Dias, Maria de la Queillerie, die Hugenote, die 1820-Setlaars, Bloedrivier, Paardekraal,

die Driemanskap, Danie Theron en Vrou en Kinders. Medewerkers vir dié uitgawe was historici soos dr. W.J. de Kock, dr. A. Böeseke, proff. D.J. Kotze, P.J. Nienaber, J.J. Oberholster en drr. J.C. Otto en P.H. Kapp.

Dr. Van Tonder was ook redakteur vir dr. Anna de Villiers se *Vrouegalery* (Nasionale Boekhandel, 1962) waarin verskillende befaamde vroue aan die orde gekom het, onder andere Emily Hobhouse en Rachel Isabella Steyn. Ook was hy redakteur vir 'n publikasie deur proff. G.S., P.J. en C.J.M. Nienaber, nl. *Dit was ons Erms* (Nasionale Boekhandel, 1962). Dit handel oor taal- en kultuurhelde van die Afrikaners.

Hierbenewens het dr. Van Tonder in redaksiekommissies van skoolboeke vir die primêre en sekondêre fases gedien en tot sommige self bydraes gelewer, soos byvoorbeeld *Volkekundige Studies* vir sts. 6, 7 en 8 wat drie drukke beleef het en ook in Engels vertaal is (Nasionale Boekhandel, 1958). Sy afdelings handel oor die Kleurlinge en Indiërs. Ander boeke waarvoor hy as redakteur gedien het, is *Stories vir Almal* (1950), (graad I tot st. 6) wat by Nasionale Boekhandel verskyn en tien drukke beleef het. *Prettige Praatstories* (gr. I tot st. 5) het in 1960 by Nasou-uitgewery verskyn en is nog steeds in gebruik, terwyl *Baanbrekers* (st. 1 tot 5) by Afrikaanse Persboekhandel in 1967 verskyn het. Dan het daar *Ken en Kan* (st. 1 tot 10) verskyn en *Ses Digtters* (Van Schaik, 1964).

Dr. Van Tonder het ook baie artikels in tydskrifte gepubliseer. In byna elke uitgawe van *Die Jong Staatsburger*, wat vanaf 1970 deur dr. E.A. Venter uitgegee word, het hy 'n artikel oor een of ander volksleier en 'n volksmonument gehad. Dit geld ook die tydskrif *Handhaaf* van die FAK en *Die Taalgenuot* van die ATKV waarin hy sedert jare by die 70 artikels oor die simboliese ossewatrek van 1938 gepubliseer het. In die Mei-uitgawe, 1976, van genoemde tydskrif het hy 'n nuwe reeks begin oor "Ons Boeregeneraals". In die *Mylpaal* van Rondalia het meer as 70 artikels van hom oor monumente in Suid-Afrika verskyn. Ook *Nexus* van die Gevangeniswese het artikels van hom oor ons monumente gepubliseer. In *Historia* het die skrywer hom oor die toestand van geskiedenis op skool uitgelaat, asook oor die onderrig, waarde en betekenis van geskiedenis in die primêre en sekondêre skole. Soos gesê, was dr. Van Tonder hoofsaaklik verantwoordelik vir die inhoud van *Historia Junior*. Vanaf 1960 het hy meer as honderd geïllustreerde artikels oor onderwysveterane in die *Onderwysblad* van die Transvaalse Onderwysersvereniging gepubliseer, wat hopelik later in boekvorm sal verskyn. Ten slotte bevat ook *Die Huisgenoot* en *Die Brandwag*, koerante en kerklike blaie van sy artikels oor historiese onderwerpe. Dit alles toon dat dr. Van Tonder sy pen nie onbetuig gelaat het in die belang van die geskiedenis nie.

Geen wonder nie dat op 21 Februarie 1976 die FAK 'n oorkonde aan hom toegeken het as blyk van waardering vir sy jarelange ywer in die belang van die vaderlandse geskiedenis. Dr. P.J. Meyer getuig: "Vir hom (dr. Van Tonder) is die liefde vir en kennis van die geskiedenis 'n primêre en deurslaggewende faktor in 'n volk se stryd om voortbestaan. En hieraan het hy 'n hele leeftyd gewy." (*Historiese Bome*, p.v.)

Dr. Van Tonder was ook 'n ywerige versamelaar van oudhede en dokumente. Noudat hy as 'n man van 70 jaar oor sy lewe terugkyk, het

hy wyslik besluit om “huis skoon te maak”. Hy het ongeveer ’n duisend historiese aandenkings en oudhede aan die munisipale museum van Vereeniging geskenk, ’n dorp waarvoor hy ’n besondere liefde en voorkeur koester, miskien vanweë sy vroeë verbintenis daarmee as onderwyman.

Wie die rol van dr. Van Tonder as onderwys- en kultuurman van naby wil leer ken, sal sowat 500 lêers, bundels en albums met korrespondensie en ander stukke in die argief van die Projek van die Afrikaner se opkoms aan die Rand by RAU, Johannesburg, vind, aan wie dit geskenk is. Hy het self ’n katalogus van die inhoud opgestel wat in afgerolde vorm beskikbaar is. Daaruit sal ook ’n geskiedenis van die Historiese Genootskap sedert 1956 saamgestel kan word. Dr. Van Tonder se lessenaar en ander onderwysstukke gaan na die TOD-museum in Pretoria. Hy het nie alleen die historiese besef gestimuleer nie, maar is self bewus van die historisiteit van sy bestaan.

’n Waardering

Dr. J.J. van Tonder was byna twintig jaar lank die voorsitter van die Historiese Genootskap. Hy het sowel die hoof- as provinsiale bestuur met entoesiasme en takt gelei. Hy het daarin geslaag om mense uit al vier provinsies en SWA glad te laat saamwerk. Hoewel hy aan die middelbare onderwys verbonde was, het hy altyd die samewerking gehad van die meeste akademiese historici en daardeur ’n brug geslaan tussen die middelbare en die hoër onderwys. Terwyl *Historia Junior* die onderwys bedien, is *Historia* meer akademies ingestel. Die geskiedenis is deur die ywer van dr. Van Tonder op ’n breë front gedien. Die jaarvergadering van die Historiese Genootskap was altyd ’n besondere gebeurtenis. Dr. Van Tonder het verskillende stede en dorpe uit al vier provinsies gekies om funksies te reël wat die jaarvergadering voorafgaan. ’n Minister, akademikus of kultuurleier het ’n hoof toespraak oor geskiedenis gelewer en ’n konsert met historiese inslag het daarmee gepaard gegaan, waarop tableau’s, opvoerings, voordragte en volksang aangebied is. Die 21e jaarvergadering is bv. in Maart 1976 in Parys, OVS, tydens die eeufees van dié dorp gehou. Skoliere en ouers het die openingsplegtigheid van so ’n jaarvergadering altyd druk besoek. Daar was gewoonlik ook ’n burgemeestersonthaal en die pers en die radio het gesorg vir die uitdra van die boodskap in wyer kringe. Die voorsitter het ’n oop oog gehad vir historiese gedenkwaardighede en dit deur korrespondensie onder die aandag van die staat of die publiek gebring.

Met die uittrede van dr. Van Tonder om gesondheidsredes verloor die Historiese Genootskap ’n kleurvolle figuur teenoor wie sy lede peïteit gekoester het. Vir wat hy vir die bevordering van die geskiedenis binne en buite die klaskamer gedoen het, is die RSA hom dankbaar.